

Trek die son 'n streep



SKOUERJAKKIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 800 g Elle Summer Breeze, dubbelgebruik; breinaalde en hekelpen van 6 mm.

MATE: Om borsmaat van 97-102 cm te pas.

SPANNING: 13 ste en 19 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 6 mm-breinaalde, of 8 bobbels breed en 8 bobbels lank.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; mb - maak bobbel; tes - tesame; alt - alternatiewe; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); pat - patroon; beg - begin; weersk - weerskante.

Let Wel: Wanneer steke van bobbelpatroon getel word, moet (r1, aw1, r1) of aw3tes as 1 steek getel word.

BOBBELS word oor 4 rye gevorm soos volg:

1e ry: Aan die aw-kant van ks: (r1, aw1, r1) in dieselfde steek.

2e ry: Aan die r-kant van ks: aw3.

3e ry: Aan die aw-kant van ks: aw3tes.

4e ry: Aan die r-kant van ks: k1.

Die afhegry moet aan regskant van bobbels gebrei word, en onthou dat geen steke in afhegry gemaak word nie. Die steke van bobbel wat afgeheg moet word, word eers saamgebrei en dan op die gewone manier soos een steek afgeheg.

AGTERPANT EN AGTERPANTE VAN MOUE

Stel 58 ste op en brei 5 cm rif.

Vermeer-ry: r5, vermeer, (r3, vermeer) 12 keer, r4 — 71 ste.

1e ry: Deurgaans aw.

2e ry: Deurgaans r.

3e ry: aw35, mb, aw35.

4e ry: Vermeer, r34, aw3, r34, vermeer.

5e ry: aw35, mb, aw3tes, mb, aw35.

6e ry: vermeer, r34, aw7, r34, vermeer.

7e ry: aw35, mb, (aw3tes, mb) 2 keer, aw35.

8e ry: Vermeer, r34, aw11, r34, vermeer.

Brei so voort en vermeer 1 st aan weersk van elke alt ry tot 66 rye voltooi is.

Brei 24 rye sonder vermeer, maar voeg wel in elke 2e ry nog 'n bobbel by, tot 90 rye voltooi is.

Die werk is nou ongeveer 52 cm lank, rifelboord bygetel.

91e ry: Heg af.

REGTERVOORPANT EN VOORPANT VAN MOU

Stel 30 ste op en brei 5 cm rif.

Vermeer-ry: Vermeer 3 ste eweredig gespasieer oor eerste r-ry — 33 ste.

1e ry: Deurgaans aw.

2e ry: Deurgaans r.

3e ry: aw32, mb.

4e ry: aw3, r31, vermeer.

5e ry: aw32, mb, aw3tes.

6e ry: aw6, r31, vermeer.

7e ry: aw32, mb, aw3tes, mb.

8e ry: aw7, r31, vermeer.

Brei so voort tot 66 rye voltooi is. Hou buitenste rand reguit, brei voort tot 75e ry voltooi is en eindig aan voorpantrand.

Halsvorming: **76e ry:** Heg 6 ste af, (aw3 bobbel-tes en heg soos 1 st af).

77e en vlg onewe ry: Soos gestel.

78e ry: Heg 3 ste af.

80e ry: Heg 2 ste af.

82 ry: Heg 1 st af.

Brei vormings soos gestel tot 90e ry voltooi is en heg af.

LINKERVOORPANT: Soos regtervoorpant, maar maak 1e bobbel aan beg van 3e ry en vermeer aan begin van regsrye.

AFWERKING: Werk skouernate toe. Tel ste uit mouboordjierande op en brei 6 cm rif vir elke mouboordjie. Werk synate toe. Hekel 'n rondte kb om hals en voorpant-rande.

TOPPIE MET GAATJIESPATROON

BENODIGDHEDE: Ongeveer 200(250) g Pingouin Nr. 5 (50-g-bolle of 250-g-keëls); breinaalde van 2,50 mm en 3 mm.

MATE: Om borsmaat van 83-87 (92-97) cm te pas.

SPANNING: 28 steke en 40 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met gaatjiesrye, en 3-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); tes - tesame; gl - glip; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; m1 - maak een steek; ulg - volgende; weersk - weerskante; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek, (= een steek regs, een steek aweregs); herh - herhaal.

GAATJIESPATROON: Wanneer gaatjies na links moet lê, brei m1, grtgo. Maar wanneer hulle na regs moet lê, brei r2tes, m1.

Raadpleeg diagram om posisie van gaatjiesrye vas te stel.

Brei groepe van 37 steke koussteek met twee gaatjiesrye tussenin. Elke gaatjiesstrepie bestaan uit 15 gaatjies. Die tweede gaatjiesstrepie begin in dieselfde ry waarin 11e gaatjie van eerste gaatjiesstrepie gebrei word.

AGTERPANT: Stel 119(127) ste met 2,50-mm-breinaalde op en brei 6(7) cm rif.


Slaan oor na 3-mm-breinaalde en ks en begin gaatjiesstrepie in 3e ks-ry, soos volg: r17(21), *m1, grtgo, r37*. Herh van * tot *.

Brei tot werk 35(36) cm lank is vanaf begin, brei nog 7 cm rif met 2,50-mm-breinaalde en heg lossies rifsgewys af.

VOORPANT: Soos agterpant.

AFWERKING: Ryg twee drade rekgaring 3 cm van borand van voor- en agterpant deur regte kant van werk. Werk synate toe. Vou riffelboord bo na regte kant om en vangsteek hier en daar aan albei kante vas.

DIAGRAM VIR GAATJIESPATROON



- — m1
- ↖ — grtgo
- ↗ — r2tes

